# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

1969 to 2029 REACHING NATIONS ECHO OF HIS CALL SINCE 1969

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XIX — YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2026 MARCH — No. 09


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALMS 4:2-9**

2. O God wat aan my reg verskaf, antwoord my as ek roep. Toe ek in die nood was, het U my bevry. Wees my ook nou genadig en hoor my gebed!
3. Hoe lank gaan julle my eer nog skend, mense, gaan julle valsheid liefhê en voorkeur gee aan leuens? Sela
4. Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir dié wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep.
5. As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby! Sela
6. Julle moet die offers bring wat aan julle voorgeskryf is, en julle moet op die Here vertrou.
7. Daar is baie wat sê: "Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?" Wees ons tog weer goedgesind, Here, help ons!
8. U het my reeds groter vreugde laat belewe as wat daar is by mense wat koring en wyn in oorvloed het.
9. Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.

## JY SAL GESEËNDE VREDE HÊ IN GOD SE TEENWOORDIGHEID!

### YOU WILL HAVE BLESSED PEACE IN GOD'S PRESENCE!

*Sus. Angeline*



Groete in die kosbare Naam van ons Heer Jesus Christus aan die hele **Echo of His Call** familie! Dit is my innige gebed dat julle elkeen sal floreer in elke opsig terwyl julle gees blom in Christus.

Terwyl ons hierdie maand Internasionale Vrouedag vier, wil ek graag hartlike groete en seën oordra aan al ons wonderlike vroue-lesers. Mag julle goeie gesondheid geniet, hernude krag en oorvloed genade. My gebed is dat God sal volhou om ons te help om die wyse vroue te word soos in sy Woord vertoon: vroue wat hul tuistes bou, hul gesinne versorg, en skyn soos ligte skyn in 'n wêreld wat smag na God se liefde. Laat ons wandel in wysheid, beklee met waardigheid en krag terwyl ons Christus se prag weerkaats in alles wat ons doen.

### DIE GAWE VAN RUS: GOD SE ONTWERP VIR ONS LEWENS!

Terwyl ek so nadink oor vroue se besondere gawe om meer-meesters (multitaskers) te wees, het ek my ma en ouma onthou, twee

*....verv. op.bls. 3*




Echo of His Call

*Christelike YouTube Kanaal!*

**Elke dag 2 minuut-boodskap deur**

**Past. S. Sam Selva Raj!**

**in Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**en**

**Tamil & Engelse Boodskap & Gebed**

**Sondag 8.30 vm. & 6.00 nm.**

* Asseblief, Skryf in en Stuur aan *

# ECHO OF HIS CALL - (Op pad na die 60ste jaar)

Estd. 1969



## *van julle geliefde broer...*



**Laat onskuld en opregtheid oor my die wag hou, want op U vertrou ek.** - Psalm 25:21

### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
EX MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.



EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call


Geliefde vriende in die Here Jesus Christus,

Deur God se genade kon ons die maand Maart 2026 ingaan. Hoewel die afgelope maande rof en uitdagend was, is sy genade nog altyd genoeg vir ons, en dit gaan so voort.

Die Here het ons skool geseën met 'n toegewyde span onderwysers en ander personeel. Ons het ons 28ste Jaarlikse Sportdag gevier op 30 Januarie 2026.



*St. Paul Matrikulasieskool – Sportdag*

Dr. P.E.R.Premchand was ons belangrikste gas, en die hele dag was vol lewendige sport aktiwiteite. Daar was baie ouers wat ons kinders aangemoedig het terwyl hulle uitstaande talent en dissipline vertoon het.

Ons dank God wat dit vir ons moontlik gemaak het om verantwoordelike burgers vir ons nasie en die wêreld op te voed. Ons studente berei nou voor vir die Regering se eksamen wat gereël is vir April 2026. Ons vra dringend dat julle sal bid vir meer toegewyde onderwysers en personeel vir ons dorpie se Engelse Hoërskool (**St. Paul Matrikulasie Hoërskool**).



*Mans van ons Hoofkerk se wegbreek – Josua Vegterspan*


Our Ministries: ▢ ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ▢ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ▢ YouTube Ministry ▢ Online Courses ▢ Theological Correspondence Courses (2 languages) ▢ Church Planting ▢ Nehemiah Bible Colleges ▢ Gospel Printing Press ▢ Great Commission Partners ▢ St. Paul's Matriculation School ▢ Crusades ▢ Community Development

Ons het 'n wonderlike een-dag wegbreek gehou vir die manne van ons Hoofkerk onder die banier van **Josua Vegters**. Nagenoeg 70 toegewyde mans het deelgeneem op 26 Januarie 2026, van 9:00 vm. tot 5:00 nm. Die Here het sy krag uitgestort op die wat daar was, en elkeen het 'n spesiale aanraking van God ervaar.

Die Here het ook die aanbieders ryklik geseën, en die deelnemers is daar weg met nuwe visies en toewyding om Indië met die Evangelie te bereik.

Ons beplan om binnekort 'n soortgelyke gesinskamp te reël. Bid asseblief vir God se leiding vir die regte tyd en plek en aanbieders.

## ONS ANDER BEDIENINGS

Die Here bly steeds genadig oor al ons bedienings, insluitend **Nehemia Bybelkolleges** en ons maandelikse publikasies.

Die volgende **Gradeplegtigheid vir Nehemia Bybelkolleges** word beplan vir 4 Julie 2026. Klasse vir die volgende akademiese jaar sal in die eerste week van Junie 2026 begin.

Bid asseblief dat die Here nuwe toegewyde studente vir ons kolleges sal stuur. Ons bied die volgende:

**Diploma in Teologie (Dip.Th.)**

**Baccalaureus in Teologie (B.Th.)**

Hierdie kursusse is beskikbaar in Tamil, Engels en Hindi. Ons vra ook vir gebede vir ons toegewyde fakulteitslede en administratiewe personeel.

Ons dank God vir al ons werkers in die sendingvelde en die administratiewe afdelings.

Ons hou vol om vir julle te bid, en ons vra dat julle ook sal bid en ondersteun in ons bedienings.

Mag die genade van God by julle almal wees.

In Christus Jesus, julle broer,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,*

E-pos: : sam@echoofhiscall.org

*... verv. van bls. 1*

merkwaardige vroue wat onvermoeid gewerk het, dikwels sonder ophou, om hul gesinne en my pa se bediening te ondersteun. Hul toewyding het my laat besef hoe belangrik RUS is.

Hoewel ek hoofsaaklik van vroue praat is daar ook mans wat sukkel met die gedagte van rus. Hulle werk ywerig om vir hul gesinne te voorsien en pas dan hul tuis verantwoordelikhede tussenin. In vandag se gejaagde wêreld lyk rus na 'n luukse wat niemand kan bekostig nie. Selfs ons kinders word oorweldig met skoolwerk, ekstra klasse, eksamens en sport.

Tog openbaar die Skrif 'n kragtige waarheid: Na ses dae se skeppingswerk **het God Self gerus op die sewende dag** (Genesis 2:2). As die skepper van die heelal gerus het, hoeveel te meer het ons dit nodig? Tog voel baie daar is net nie genoeg ure in die dag nie. Die eise van die huis, die werk, selfs bedienings voel veeleisend. Ek het al mense hoor sê: "Dit was maklik vir God om te rus, Hy is God! My werk eindig nooit." Dit is 'n begryplike argument, maar ons moet onthou: Rus was God se ontwerp as deel van mense se leefstyl.

Ons het algaande weggedryf van sy ontwerp af. Deesdae gee ons slaap op, slaan maaltye oor, jaag onsself vodde – soos koplose hoenders – om aan al die lewe se eise te voldoen. Maar God se Woord roep ons terug na sy ritme van genade. Rus is nie luiheid nie, maar gehoorsaamheid. Dis 'n vertroue-aksie wat sê: "Here, ek glo U is in beheer, ook as ek stop."

Kom ons ondersoek wat die Bybel leer oor rus en hoekom ons soms sukkel om dit te omhels. Mag ons so leer om te stop, asem se haal en vernuwing te vind in sy teen-

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**

woordigheid, ... **en julle sal rus kry vir julle gemoed** (Matteus 11:28).

## DIE KRAG VAN RUS!

### 1. Rus Is God se Ritme vir Ons Lewens!

**Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig, ...**
(Genesis 2:2-3).

God het die Sabbat gegee as 'n gawe. Rus is 'n lof-aksie, 'n heilige tyd om naby God te kom, sy Woord te lees, na te dink, bid, en sy daarwees te geniet. Wanneer ons in Hom rus, vernuwe Hy ons fisies, innerlik, emosioneel en geestelik.

As ons rus nalaat, gaan uitbranding beslis volg. God het nie gerus omdat Hy moeg was nie, maar om 'n ritme te gee vir ons om te volg. Rus is nie opsioneel nie, maar deel van God se goddelike ontwerp vir lewe.

### 2. Rus Is Voorbereiding, Nie Net Herstel nie!

As rus nagelaat is, word dit 'n desperate poging om te herstel van uitputting eerder as 'n voorkomende praktyk. Jesus Christus het hierdie beginsel goed verstaan. Hy het dikwels onttrek om alleen te wees en te bid voordat Hy deur die eise van bediening uitgeput kom word: **Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid** (Markus 1:35).

**Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid**
(Lukas 5:16).

Jesus Christus se tyd met sy Vader was berekend en voorbereidend. Hy het geweet geestelike vermoë vloei uit geselskap met God.

## UITBRANDING: DIE KOSTE VAN NIE RUS NIE!

Tekort aan rus lei tot uitbranding – 'n worsteling vir baie vandag. Wanneer ons God se rusritme nalaat word ons fisies, emosioneel en geestelik leeggetap. En wanneer ons uitgebrand is, kan ons nie behoorlik dien in God se Koninkryk nie.

Rus is nie selfsugtig nie, maar rentmeesterskap van ons lewe en "roeping" waarmee God ons vertrou. Uitbrand gebeur nie oornag nie, maar kruip stadig in wanneer ons misplaaste voorkeure toelaat, en misplaaste gemeenskap ons lewe laat beheer. Kom ons ondersoek hierdie areas en sien hoe God ons liefdevol terug roep na sy vernuwingsontwerp.

### 1. Misplaaste Prioriteite!

Uitbranding begin dikwels wanneer ons te veel hooi op die vurk het. Ons sê "ja" vir elke saak omdat dit belangrik lyk. Maar tog, wysheid leer ons om belangrikhede te rangskik. Om te kan "nee" sê is nie selfsug nie, maar dis wel nodig.

Jesus Self het ook die belang van balans erken: **Daar was baie mense wat gedurig gekom en gegaan het, sodat Jesus en sy dissipels selfs nie kans gehad het om iets te eet nie. Hy sê toe vir hulle: "Kom julle alleen saam na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie."** (Markus 6:31).

In Lukas 10 lees ons van Jesus se besoek by Marta en Maria. Marta het Hom hartlik verwelkom saam met sy volgelinge, en het ook sorg geneem vir al die ander gaste. Ons dank God vir diegene wat so getrou dien, soos ons gasvrye spanne in die Kerk. Maar terwyl Marta oorweldig en besig was, het Maria gekies om liewer by Jesus te sit en na Hom te luister.

Marta het "ja" gesê, maar nou het sy swaar gekry onder al die gewig van wat sy onderneem het. Hoeveel van ons ken dit? Ons sê "ja" met goeie bedoelings, net om later gespanne en uitgeput te voel.

Jesus het haar sagkens tereg gewys: **"Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en**

....verv. op.bls. 7


**Statement about ownership and other particulars about the Newspaper Echo of His Call (Afrikaans) - Form IV (See Rule 8)**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Place of Publication | : | **New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai - 600 005.** |
| 2. Periodicity | : | **Monthly** |
| 3. Printer, Editor, Owner & Publisher | : | **S. Sam Selva Raj** (Same Address) |
| 4. Nationality | : | **Indian** |

I, **S. Sam Selva Raj** hereby declare that the particulars given above are true to the best of my knowledge and belief.

March 2026 S. Sam Selva Raj.

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2026 Maart 19 Tot 2026 April 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Maart 19** ➲ Sy seën oor al ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote en Aansoekvennote en hul gesinne.

**Maart 20** ➲ Sy genadige seën oor die Spesiale byeenkoms gehou in Mahabalipuram vir ons **Nehemia Bybelkollege** studente op 24 Januarie.

**Maart 21** ➲ Sy seën oor al ons mederedakteurs en hulle gesinne.

**Maart 22** ➲ Sy volgehoue guns oor ons **Global Vision for Youth and Kid Care Bediening**.

**Maart 23** ➲ Sy seën op **St. Paul Matrikulasieskool,** veral dat Hy vir ons toegewyde Christen onderwysers en 'n Hoof gegee het.

**Maart 24** ➲ Die standvastige toewyding van ons Sendingwerkers.

**Maart 25** ➲ Sy seën oor ons Staatskoördineerders en hul gesinne.

**Maart 26** ➲ Ons Senior Pastor se getroue toewyding om die evangelie te versprei deur verskeie bedienings.

**Maart 27** ➲ Sy beskerming oor Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin deur hulle veilig te hou van elke bose mag.

**Maart 28** ➲ Sy seën op ons **BYBELKOR** (Bybel Korrespondensiekursus) en **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**Maart 29** ➲ Die groei en versterking van ons Christelike bedienings te midde van politieke en godsdienstige teenstand.

**Maart 30** ➲ Sy voortgesette guns op ons volgehoue toewyding aan die Tydskrifbediening sedert 1969.

**Maart 31** ➲ Goddelike guns op die nuwe gelowiges wat in ons gemeente gesalf is, dat hulle sal aanhou groei in geloof en wysheid.

**April 01** ➲ Sy genadige voorsiening in al ons behoeftes in die vorige maand.

**April 02** ➲ Sy seën op ons **Nehemia Bybelkolleges.**

**April 03** ➲ Sy seën op die **Joshua Warriors** se Spesiale Manne-byeenkoms in Mahabalipuram vir lede van ons Hoofkerk en sustergemeentes op 26 Januarie.

## Bid asseblief vir ...

**April 04** ➲ Goddelike beskerming oor alle nasies, veral te midde van globale onrus en vrees vir oorlog, terwyl ons bid vir vrede en stabiliteit.

**April 05** ➲ Die uitbreiding van ons bedienings op alle moontlike maniere en mate sodat dit almal sal seën en bevoordeel.

**April 06** ➲ Baie meer visie om God se Koninkryk op aarde te bou.

**April 07** ➲ Wysheid en goddelike leiding vir Presidente, Eerste Ministers en alle Regeringsmagte oor die wêreld om hulle nasies te lei.

**April 08** ➲ Seën en krag vir ons ondersteuners, goedgesindes en vriende wat ons bedienings dra deur hul gebede en geldelike bydraes.

**April 09** ➲ Beskerming vir almal teen virus-koorse en nuwe opkomende aansteeklike siektes.

**April 10** ➲ Suksesvolle toelating van nuwe studente tot **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2026–2027 akademiese jaar.

**April 11** ➲ Die jeug en kinders oor die wêreld dat hulle Jesus Christus sal aanneem as persoonlike Verlosser.

**April 12** ➲ Eenheid, voortgang en vrede onder elke nasie in alle aspekte en areas van beplanning.

**April 13** ➲ God se guns op ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote en Aansoekvennote en hul gesinne.

**April 14** ➲ Die veiligheid en beskerming van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle soorte bose magte.

**April 15** ➲ Die toelating van verdienstelike studente by ons inwonende en aandklas **Nehemia Bybelkolleges** vir die 2026–2027 akademiese jaar.

**April 16** ➲ Genoegsame geldelike voorsiening vir al die behoeftes van ons bedienings.

**April 17** ➲ Die beëindiging van die globale ekonomiese resessie, en verligting vir almal wat daaronder ly.

**April 18** ➲ God se genade om oor ons almal te vloei en bemoediging en hernude krag te bring.

## GEEN CHRISTENE - GEEN WÊRELD.

**Die Ontwerpers:**

Tweewiel fiets = Mac milan.
Motorfiets = J. Dailer.
Auto = Jonathan Scobie.
Kar = Carl benz.
Motorkar = Austin.
Jeep = W. L. Zedson.
Bus = Gold Vaas.
Vliegtuig = Wright Bros.
Spoor = Richard Trivitick.
Trekker = John Froclich.
JCB = Josep C Bamford.
Battery = A. Wolt.
Elektrisiteit = Bejamin franklin.
Gloeilamp = Thomas A Edison.
Dinamo = M Faraday.
Petrol Enjin = Daimier.
Diesel Enjin = R Diseal.
Sweismasjien = Etish Thomson.
Spoorweg-enjin = Stephen son.
LPG Gas = Dr.Walter DS
Mikrofoon = Hores Short.
Pen = Louis Warerman.
Iron Box = HW Sule.
Vuurhoutjie = John Walker.
Kamera = John Carbet.
Digitale Kamera = Stevan.
Skeerlem = Kings J Gillette.
Rubber = C Good Year.
Yskas = James Harrison, Alexander Kytsin.
Veiligheidsknip = Walter Hunt.
Naaimasjien = Barthalome Tymoniv.
Lens = Venis (Vincy).
Brillens = Salvino D A.
TV = Baird. John Logi.
Telefoon = Grahambell A.
Rekenaar = Charles Babez.
Selfoon = Martin. Cooper.
SD kaart = Rolnd Moreno.
Verf = Shalimar.
Staal = Henry Besmar.
Sement = Joesp Aspadin.
Teëls = German Missionaries.
Toilet = Thomas Crapper.
Broek = George Bryon.
Hemp = Beyonce.
Jeanbroek = Jacob Devis.
Bra = Marie Tucok.
Krieket = WJ Grace.
Vlugbal = Morgan Willson.
Voetbal = Robert Kane
Pensilin = A Fleming.
Plastiese Snykunde = Archibald. Hecter M
Polio = Jonas Salk.
Pokkies = Edward Jenner.
X-strale = Willhelm Ranjen.
Insulien = Frederick Bantig. Charles H Best.
Kinien = Pierra Joseph.
Rekspalk (stent) = Julio Palmaz.
Pleister = Paul Beiersdorf.
Narkose = William Marton.
Miltsiekte = Louis Pasteur.
Kiemdoder = Joseph Lister.
Kuns-hart = Denton Cooley.
Kuns-heup = JohnCharnley.
Vel = John F. Loannis.
Geboortebeperkingpil = Gregory Pincus. Min Chuch.
Bloedoortapping = Thomas Bludell.
Kontaklens = Adolf Fick.
Hoesklontjie = James Smith.
Spuitnaald = Colin Murdoch

Die rede vir hierdie lys is in antwoord op gemeenskappe wat sê die Christendom het niks vir die wêreld gedoen nie. Elkeen moet verstaan wie doen en wie nie.

Mag die oë oopgaan en sien: die krag van Christus in 'n enkele mens en in die wêreld.

NEHEMIAH BYBELKOLLEGES
HAAS JOU VIR TOELATING! Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.
Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër
Diploma in Theology & Bachelor of Theology
Medium :Tamil (Part Time) Hindi (Residential) (Sponsorship Available)
Bid asb. vir
Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar
Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

*... verv. van bls. 4*

**dit sal nie van haar weggeneem word nie."** (Lukas 10:41-42).

Marta se prioriteite was nie reg nie, en die resultaat was uitputting. Mag die Here ons help om vanjaar met wysheid te beplan, en te kies wat werklik saak maak en uitbrand te voorkom.

## 2. Misplaaste Identiteit!

Uitbranding gebeur soms wanneer ons dit wat ons doen verwar met wie ons is. Jy meet jou waarde aan jou werk, en bediening word die maatstok. Ons maak ons roosters vol, jaag sukses, en kompeteer selfs met ander. Maar ons waarde lê nie in wat ons bereik nie, maar in Jesus Christus.

Ons identiteit is nie te vind in besittings of status of wêreldse standaarde nie. Dit is net in Jesus alleen. **My God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus** (Filippense 4:19).

Werk is belangrik, maar nooit ten koste van ons saamwees met God nie. Moenie Kerk of Christen saamwees ooit nalaat nie.

**Moses het swaar geleer aan hierdie les. Die eise van leierskap het hom oorweldig, en wou dit alles alleen dra, totdat sy skoonpa Jetro hom die raad gee om te delegeer** (Eksodus 18). Delegeer en opleiding is belangrik. Ons is nie geroep om alles alleen te doen nie.

Liewe vriende, God gee genade vir die wedloop waartoe Hy ons roep. As jy moeg en oorweldig voel, vra jouself: "Het God my regtig geroep om hierdie las te dra?" Uitbranding volg soms op die dra van laste wat God nie vir jou alleen bedoel het nie.


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**



## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal wordinons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**

**BANKKODE: 334515**

**REKENINGNO: 905 129 1908**

**TAK: JEFFREYSBAAI**

**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**

**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**

**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GOD SE GENADE OMRING DIE WAT HOM VERTROU!

**..., wie op die Here vertrou, dié omvou Hy met sy liefde** Psalms 32:10

Die verskillende goeie en slegte ervarings wat ek ondervind het van my kinderjare af het my altyd herinner dat die Almagtige God by my was en dat Hy my voorberei het om iets groots in my lewe te vervul.

Ek het baie mense genader vir ondersteuning in die evangelie-werk wat ek vir God gedoen het, maar niemand wou saamwerk nie. Tog het God se genade my laat voort beur. Al het ek nie voldoende kennis oor Jesus Christus gehad of ervaring in bediening nie, het ek 'n diep begeerte gehad om mense te help wat neergedruk was deur die laste van die wêreld.

Met groot gesukkel het ek 'n musiekinstrument gekoop, 'n trekklavier, wat INR 750 gekos het. Ek het dit bespeel en 'n paar liedere wat ek geken het gesing, en so die arm buurte in Chepauk, Chennai besoek. En verstommend, dit is dieselfde plek waar ons hoofkerk en kantoor vandag staan! Ek was ook betrokke by straat-preke in Chepauk terwyl ek in die dag in 'n regeringskantoor gewerk het. My kollegas het my verstom aangekyk en soms kom luister na die waarhede wat ek gepreek het.

Meer verstommend was dat soms waar ek op straat gepreek het, siek mense in hul huise genees is en dan uitgekom en by my kom staan het. Soms het van hulle flou geword langs my, en die wat dit gesien het, het dan in angs gevlug. Ek was ook geskok. Ek onthou nog hoe van die wat flou geword het, langs die smal strate neergelê is, soos visse in 'n ry – want ek het geen formele opleiding of ervaring gehad in so 'n bediening nie, en het net sprakeloos gestaan, onseker van wat om volgende te doen.

In sulke oomblikke het die Heilige Gees my gelei om my hande op hulle te lê en met innige meegevoel te bid. Ek het geluister en soos ek in die Naam van die Here Jesus Christus gebid het, is hulle genees en verlos van die duiwel se bande. Hierdie eerste ontmoetings het my baie versterk en my liefde vir God verdiep.

Nou, na baie jare, het God sommige van daardie mense na ons kerk toe laat kom. 'n Paar is nou aktief betrokke in die bediening. Later het die Here my in staat gestel om groot veldtogte te hou in dieselfde gebied, waar Hy dan magtige wonderwerke gedoen het. Selfs nou nog gebruik Hy my om baie siekes en kreupeles te genees, en mense wat deur die mag van die duisternis gevange gehou word, te bevry.

,n Paar jaar gelede het God my gehelp om sulke opelug byeenkomste te hou in Kancheepuram, naby Chennai. Hy het my die hele gebied laat evangeliseer. Hy laat my onthou die klein plekkies waar ek bedien het, en nou gee Hy vir my geleenthede om op 'n baie groter skaal te bedien. Alle eer aan sy Heilige Naam!

************

## 3. Misplaaste G emeenskap of Kontak!

God verwag nie van ons om afgesonder te lewe nie. Hy het ons van die begin af gemaak vir saamwees – met Hom en met ander mense. Wanneer ons kontak verloor, kan dit lei tot angstigheid, neerslagtigheid en diep emosionele worsteling.

Uitbranding kan ook volg op verlies van kontak met die regte mense, op die regte plek en die regte tyd.

**Lot het toe rondgekyk en gesien die hele Jordaanstreek tot by Soar het so volop water soos 'n tuin van die Here ...** (Genesis 13:10). Maar hy het nie opgelet **die inwoners van Sodom was sleg** nie (vs 13). Sy keuse van 'n misplaaste gemeenskap het vernietigende gevolge gehad: verlies, hartseer, gebroke verhoudings.

Moenie alleen loop nie. Bly in kontak met jou Kerkfamilie. Bou

## HOOFKERK SE PROGRAMME

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Hindi gebed : 7.00 nm. Woensdag
25. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
26. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
27. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
28. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
29. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
30. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
31. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
32. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
33. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
34. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
35. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
36. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

verhoudings wat jou geloof versterk. Praat oor God, maar moenie oor Hom skinder nie.

Is uitbrand 'n sonde? Dis nie 'n sonde om uitgebrand te voel nie. Selfs Elia het na 'n groot oorwinning oorweldig gevoel en uitgeroep: **"Nou is dit genoeg, Here!"** (1 Konings 19:4). En God het hom nie veroordeel nie, maar hom bemoedig, gevoed en toegelaat om te rus.

Vir ons sê Hy vandag dieselfde: **"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."** (Matteus 11:28).

Sit by sy voete. Rus in sy teenwoordigheid. Hy sal jou krag vernuwe. God se belofte van rus: **"Ek sal self saamgaan en vir jou vrede gee."** (Eksodus 33:14).

Jesus Christus belowe ware rus: **"Kom na My toe ... My juk is sag en my las is lig."** (Matteus 11:28, 30).

## PETRUS HERINNER ONS!

**Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.** (1 Petrus 5:7). Ek hou van die woord 'werp, gooi', want dit wys na weggooi, ophou om dit self te dra. En Jesus nooi ons weer liefdevol uit: **"Kom julle alleen saam na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie.** (Markus 6:31).

Jesus Christus, die Vredevors, het na hierdie wêreld gekom, vir ons gesterf op die kruis en opgestaan uit die dood sodat ons in vrede mag lewe en sy rus geniet. Hoekom Hom nie vandag vertrou nie?

## 'n Slotgedagte!

***Wat 'n vriend het ons in Jesus***
***Hy wat in ons plek wil staan***
***Wat 'n voorreg om gedurig***
***Tot Gods troon deur Hom te gaan***
***Hoe verbeur ons tog die vrede***
***Ag, hoe dikwels lei ons smart***
***Net omdat ons nie ons node***
***Uitstort in God's Vaderhart***

**"Ek sal self saamgaan en vir jou vrede gee."** (Eksodus 33:14).

Laat God se teenwoordigheid voor jou gaan ... en vir jou rus gee.

**Vertrou Jesus.**
**Gee alles vir God.**
**Praat met Hom.**
**Ontvang die rus wat net so gee.**

*************

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones. - Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

### ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th MARCH 2026
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**